higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste vraestel)

5 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	in die middel van die stroom		
	1.1.2	lumbale punksie		
	1.1.3	negatiewe		
	1.1.4	vingerprik		
	1.1.5	venepunksie		
	1.1.6	hemoglobien		
	1.1.7	hematokriet		
	1.1.8	inflammasie		
	1.1.9	anthistamiene		
	1.1.10	amniosentese		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Onwaar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Onwaar		
	1.2.5	Onwaar		
	1.2.6	Onwaar		
	1.2.7	Waar		
	1.2.8	Onwaar		
	1.2.9	Waar		
	1.2.10	Waar		
			(10 × 2)	(20)
				[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Diagnose
- Behandeling, soos radioterapie
- Ligging van vreemde voorwerpe
- Tandheelkunde (Enige 3 × 1) (3)

2.2
- Hulle het 'n baie kort golflengte en hoë energie.
- Hulle veroorsaak ionisering.
- Hulle reageer met fotografiese film op dieselfde manier as sigbare lig, en laat dit swart word.
- Metaal en been absorbeer of keer X-strale.
- Gesonde liggaamsweefsel laat X-strale deur. (Enige 4 × 1) (4)

2.3
- Laat mense wat om die persoon saamdrom, terugstaan.
- Verwyder alle gevaarlike voorwerpe of meubelstukke in die nabyheid van die persoon.
- Sit 'n kussing of iets sags onder die persoon se kop.
- Maak kledingstukke om die persoon se nek los as dit met veiligheid gedoen kan word.
- Moet niks in die persoon se mond sit nie.
- Moenie die persoon probeer vasdruk nie.
- Let op hoe lank die aanval duur.
- Draai die persoon stadig op sy of haar sy nadat die stuiptrekkings opgehou het sodat sy of haar lugweë oop bly.
- Gee die persoon eers nadat hy of sy ten volle herstel het, iets om te eet of te drink.
- Moenie die persoon alleen laat nie, maar bly by hom of haar totdat hy of sy ten volle herstel het.

(Enige 8 × 1) (8)

2.4
- Effektief
- Vinnig
- Geen afbreking van media tydens sterilisasie nie; daarom kan dit vir termies labiele toerusting gebruik word.
- Geen chemiese oorblyfsels nie
- Presiese dosering
- Eenvormige doseerverspreiding
- Toerusting is dadelik ná sterilisasie gereed vir gebruik

(Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 3

3.1
- Naam, adres en kwalifikasies van die praktisyn
- Naam van die pasiënt
- Pasiënt se indiensnemingsnommer as dit toepaslik is
- Datum en tyd van die ondersoek
- Of die doktersertifikaat uitgereik is volgens die praktisyn se waarnemings tydens 'n ondersoek, of volgens inligting wat die pasiënt verstrek het
- 'n Beskrywing van die siekte/versteuring/kwaal in leketaal op voorwaarde dat die pasiënt toestemming gegee het
- Of die pasiënt heeltemal ongesteld is, en of die pasiënt take mag verrig wat minder inspanning vereis
- Presiese datums/tydperk wat vir siekteverlof aanbeveel word
- Datum waarop die doktersertifikaat uitgereik is
- Aanduiding van wie die praktisyn is wat die sertifikaat uitgereik het – sy of haar voorletters en van in blokletters en sy of haar registrasie-/praktyknommer
- 'n Leesbare handtekening van die praktisyn (Enige 7 × 1) (7)

3.2
- Ontbied noodhulp.
- Maak haar gemaklik.
- As die kraampyne pas begin het, vra waar sy wil wees en tref vervoerreëlings.
- Bied vervoer aan.
- Vra wat jy kan doen om haar pyn te verlig, soos om haar rug te vryf, 'n warm bad gereed te kry, of drinkwater aan te gee.
- Moedig haar aan om asemhalingstegnieke toe te pas, en stadig uit te asem om die spierspanning en pyn te verlig.

As sy in die tweede kraamfase is:
- Help haar om die klere om haar onderlyf uit te trek.
- Sorg dat 'n dokter, vroedvrou of ambulans op pad is, en volg die aanwysings wat hulle oor die telefoon gee.
- Sorg dat die omgewing skoon is.
- Sorg vir 'n warm kombers vir die moeder en baba.
- Sorg dat sy in 'n gerieflike posisie verkeer.
- Gee ondersteuning wanneer sy druk.
- As die baba in die geboortekanaal is, ondersteun die koppie en skouertjies sodat die baba nie val nie. Moenie druk op die koppie toepas nie, en moenie stoot of trek nie.
- As die naelstring om die nekkie gedraai is, trek dit versigtig oor die koppie sodat die baba nie wurg nie.
- Dis onnodig om die naelstring deur te knip.
- Gee die baba versigtig oor haar maag vir die ma aan.
- As die baba geen teken van lewe toon nie of nie asemhaal nie, verwyder enige versperring uit die lugweë. Pas kinder-KPR toe as dit nodig is.

Kopiereg voorbehou

- Hou in gedagte dat die plasenta sal volg.
- Masseer liggies onder haar naeltjie om die ma te help met bloeding.
- Hou die ma en baba warm terwyl hulle vir die ambulans wag.

(Enige toepaslike 8 × 1) (8)

3.3 Pasiënte wat 'n goeie verstandhouding met hulle dokter het, het die vrymoedigheid om sensitiewe inligting aan hulle dokter oor te dra. Dit help die dokter om 'n akkurate diagnose te maak en die beste behandeling voor te skryf. 'n Goeie verstandhouding help met beter kommunikasie en gesondheidsopleiding, en pasiënte volg hulle behandeling getrou.

(Enige toepaslike 5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 4

4.1
- Skêr
- Tang
- Naaldehouer
- Ontsmetmiddel
- Lemme
- Skedelnaatmateriaal
- Steriele verbande
- Steriele watte
- Steriele deppers
- Drup
- Plaaslike verdowing
- Spuit
- Dun naalde
- Niervormige komme
- Kom

(Enige toepaslike 7 × 1) (7)

4.2
- Ontbied dadelik mediese hulp.
- As dit beskikbaar is, spuit epinefrien/adrenalien, soos EpiPen selfinspuiter, in die persoon se dy.
- Deel die persoon mee dat hy of sy 'n dokter moet raadpleeg, ook al het die epinefrien-inspuiting gehelp.
- Verwyder die allergie-oorsaak veilig.
- Kontroleer die hartslag en asemhaling van die persoon.
- Pas KPR toe as dit nodig is.
- Sorg dat die persoon in 'n gemaklike houding is.
- Lig die bene op.
- Bly by die persoon totdat hulp opdaag.

(Enige toepaslike 8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou

4.3
- Watter toetse gedoen moet word en waarom die toetse nodig is
- Hoeveel die toetse sal kos
- Wat die pasiënt voor, tydens en ná die toets moet doen. Byvoorbeeld, of die pasiënt vooraf moet vas.
- Hoe lank dit sal duur totdat die uitslae gekry word.
- Wat die uitslae vir die pasiënt se gesondheid en welstand inhou, soos medikasie.
- Wat nodig is as die uitslae normaal is.
- Of opvolgtoetse nodig sal wees. (Enige 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 5

- Mondeliks (sluk)
- Bukkale toediening (teen die wang)
- Nasale toediening (asem deur die neus in)
- Inaseming (asem deur die mond in)
- Oftalmiese toediening (oë)
- Otiese toediening (deur die ore)
- Sublabiale toediening (onder die lip)
- Sublinguale toediening (onder die tong)
- Plaaslike toediening (wend op die vel aan)
- Transdermiese toediening (pleisters op die vel)
- Enteriese toediening (direk in die maag of ingewande)
- Vaginale toediening (deur die vagina)
- Rektale toediening (deur die rektum)
- Uretrale setpille (uretra)
- Parenteraal/inspuiting
    - Onderhuidse of subkutale toediening (in die vetlaag)
    - Intramuskulêr (in 'n spier)
    - Intradermaal (in die vel)
    - Intraveneus (in 'n aar)
- Intraosseuse toediening (sagte beenmurg)
- Intratekale toediening (werwelkolom of ruggraat)
- Intravesiese toediening (blaas) (Enige 7 × 1) (7)

Die mediese sekretaresse moet toesien dat:

- die korrekte houer vir elke monster gebruik word;
- die inhoud van die houer die korrekte hoeveelheid is;
- die vereiste inligting op die houer aangebring word, soos:
  - die dokter se naam;
  - die pasiënt se naam;
  - die datum; en
  - die toetse wat vereis word;
- bykomende inligting, soos die pasiënt se adres en siekefondsnommer, vergesel die monster op die toepaslike, afsonderlike vorm as dit verlang word;
- die houers vir 'n bakteriologiese inspeksie moet steriel wees;
- monsters moet die patoloog sou gou moontlik bereik;
- monsters moet behoorlik verpak word; en
- daar moet altyd 'n voldoende voorraad monsterhouers wees.

(Enige toepaslike 8 × 1) (8)

5.3

- Sowel antiseptikums as ontsmetmiddels verminder en verhoed die verspreiding van patogene.
- Antiseptikums word vir lewende weefsel en selle gebruik om infeksie of bloedvergiftiging (sepsis) te verhoed.
- Lewelose voorwerpe word nie met antiseptikums gereinig nie.
- Ontsmetmiddels word gebruik om mikro-organismes op lewelose oppervlakke of voorwerpe te verwyder.
- Sommige ontsmetmiddels kan in 'n verdunde vorm vir lewende weefsel gebruik word.
- Ontsmetmiddels en sommige antiseptikums is skadelik as dit ingeneem word.
- Ontsmetmiddels is sterker, skerper en giftiger as antiseptikums.

(Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou